8.2 In 'n opstel van ongeveer 1½ bladsye, moet TWEE geboue deur enige kontemporêre Suid-Afrikaanse argitek/te duidelik ontleed word. Die vorms, materiale en ontwerp wat hul in 'n kategorie van uitstaande impak plaas, moet bespreek word.

Die volgende aspekte mag wel van belang wees:

- Name van argitek/te/maatskappye en geboue
- Spesiale kenmerke
- Besondere materiale, tegnologie en ontwerp
- Ekologiese oorwegings
- Omgewingskwessies
- Funksionaliteit

(12)

TOTAAL: 100

VRAAG 7

GESLAGSKWESSIES – MANLIKHEID EN VROULIKHEID

In Griekse mitologie is erotiese afbeeldinge algemeen. Om en by 1485 het Titian simbolisme verlyn deur die plasing van die godin van liefde binne spirituele konteks. Gedurende die Renaissance en die Barok-era, het die vrugbaarheids-tema plek gemaak vir handhawing.

7.1 Die leerder moet die simbolisme van die tyd herroep en 'n lywige paragraaf van ongeveer $\frac{3}{4}$ bladsy skryf in opstelvorm oor die werke in FIGUR 7a en 7b, oor wat elke kunstenaar by die kyker aangewakker het met sy benadering in die werk, met die volgende in gedagte:

- Gebruik van titel
- Komposisie
- Styl
- Formele elemente van kuns
- Hoe geslag bevestigteken/bevestig word

In FIGUR 7a besin Titian in 'n Laat Renaissance styl, oor die Griekse godin van liefde en waarskynlik haar ydelheid, gesien dat Kupidodie spieël vir haar hou om haar halfnaakte liggaam te beskou, soos die titel suggereer. Sy word vertikaal oor twee-derdes van die doek weergegee, met haar hand op haar bors, wat slim die oë van die kyker lei na haar elmbog en dan na Kupidod, wat in die skadu-area is. Daarna gly die oë gemaklik oor die weerkaatsings in die spieël en af oor die liggaam van Venus, waar die ritmiese voue van die luidse fluweel drapering bydra tot die beweging in en balans van die komposisie. Die ryk teksture en weelderige kleure is tipies van die Laat-Renaissance styl. Hierdie sterk voorstelling is meer as net eroties en daarom die bekragtiging van die vroulike liggaam.

In hierdie werk van FIGUR 7b deur Gentileschi, is die bekragtiging van die vrou te sien in die kragtige onthoofding van 'n hulpelose generaal op sy rug op beddoede beddegoed, wat die titel van die werk bevestig. Hier is dus geen teken van die tradisionele erotiese vertoning van 'n vrou, of haar vrugbaarheid nie, maar die krag van 'n vrou bo die man. Hierdie Franse Barok komposisie is baie ekspressief in die bloedlating van die slagoffer en die dramatiese plasing van die figure op die rande van die doek, beslaan die dramatiese areas en gryp die aandag van die kyker aan asof in 'n dramatiese toneelstuk. Die sterk chiaroscuro verhoog verder die diagonale lyne verhoog die impak van die aksie en die onderskeie teksture van kiere, lakens en vel, kontrasteer goed met die koel tone van blou teenoor rooi.

(8)

[20]
(12)

7.2 In ongeveer $1\frac{1}{2}$ bladsye, moet 'n opstel geskryf word oor enige TWEE kunstenaars wat bestudeer is, in wies werke manlike en/of vroulike identiteit aangespreek word. Die werke moet benoem, beskryf en vergelyk word. Die opstel moet afgesluit word met 'n slotsom oor die impak van elk.

POST-1994 – DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

Kontemporêre kunstenaars verander die perspekties van kykers oor kwessies en stereotipes.

6.1 In n opstel van ongeveer $\frac{3}{4}$ bladsy, moet die leerder bespreek hoe die individuele kunstenaars die visuele bronne van FIGUR 6a en 6b in verband bring met uitdrukking van identiteit, met verwysing na die volgende:

- Formele kunselemente
- Styl en tegniek
- Die opmerkings wat hierdie kunstenaars maak
- Watter een die sterkste impak lewer, met redes vir sy/haar keuse

In FIGUR 6a het die Pop-kunstenaar verwys na die dubbele lewe wat n

kunstenaar lei waar hy bedags die klassieke naakmodel bestudeer, terwyl in die alledaagse lewe van die 1950's en 1960's die omgewing ver verryderd was van die tradisionele "goeie smaak". Alledaagse lewe het deel geword van hul kuns, wyl hul put uit wat deur tegnologie en massa-media geskep is. In hierdie werk is beelde bygewerk wat deur ander mense geskep is, soos die trappe-advertensie vir Hoover, geneem uit n tydskrif, die liggaamsbouer wat die wenner was van die Mr. L.A. 1954, met die bespotlike vrou, Joan Baer, wat vir erotiese tydskritte geposeer het in haar jeug. Die collage verteenwoordig nie alleen gewilde moderne toerusting nie, maar ook vermaak soos n populêre rolprent van die tyd, met n verskeidenheid kontrasterende tektsture soos in die mat, plafon, vlees, muur en TV-skerm.

In FIGUR 6b is die benadering van Besten n verenigde installasie in n wye reeks van gemengde media, wat vele gedagtes en spekulasie aanwakker. Die wiede van kruiswaaens, die ysterkatelraam, rekenaar, kom, staalveer en ander herwonne objekte vasgesweis en met silwer verf gespuit, is ook n raam om n gemengde media collage-skildery te dra, wat met vele ander simboliese vorms en leidrade, n menigte politieke betekenisse kan hê. Die nie-funksionele stuk masjinerie toon talle moonlike vertolking, soos die stryd vir vryheid en demokrasie; oneffektiwiteit van huidige en vorige regerings, daarin dat die heerskappy van ANC na sy stryd, duidelik in die skildery voorkom, asook dat swaarkry nie verby is nie. Dit kan ook gesien word in die model karakters, opgerolde tronkkombors, die masjiengeweer en die dak waarin moonlik hondekos is. Ander gestaafe menings is aanvaarbaar. Die leerder moet sy/haar keuse van die werk met die hoogste impak van die twee, bewys.

(8)

6.2 In n opstel van minstens $\frac{1}{2}$ bladsy, moet die leerder die werk van enige TWE kunstenaars bespreek, wat identiteit bevrage en daaroor besin. Daar moet na spesifieke werke wat nie in hierdie vraestel voorkom nie, verwys word. Let daarop dat "spesifiek" dui op duidelike benoeming van werke en kunstenaars.

(12)
[20]

[20]
(10)

Werk wat in hierdie vraestel voorkom, mag nie gebruik word nie, maar 'n ander werk deur een van die kunstenaars in die vraestel is toelaatbaar.

- Benoem die werke asook die kunstenaar
- Beskrywing en analise
- Boodskappe en/of betekenisse
- Inloed en moontlik deur watter kunssy
- Tog aangebied op 'n alternatiewe wyse

In opstelvorm van minstens een bladsy, moet die leerder minstens een werk herroep en analiseer wat in multimedia gedoen is, wat bestudeer is, gestaat met die volgende:

5.3

(2)

Indien FIGUR 5d gekies word, is die verheue en sensuele rookkuns en "photo-shop" kunswerk 'n sensuele danser wat draai en krol. Die deursigtigheid selfs deur lae van meer as een kleur, skep drie-dimensionale diepte, wonderlike kontraste en by oorvloeiende rande, is kleur-intensiteit kragtig. Die organiese vorms skep pragtige negatiewe areas. Die integreerde gekurde lyne skep 'n eenheid wat oenskynlik voortdurend verander. Die harmonie van intense en subtiel areas van kleur, skep 'n uiters uitnodigende en aangrypende stemming.

Indien FIGUR 5c gekies word, moet die onkonvensionele media van rekenaar netwerkkabels bespreek word met verwysing na die herhaling van lyn wat sirkelbewegings skep. Om die bene en arms is kleiner sirkels, wat die groter sirkels van die liggaam balanseer. Die kabels is in verskillende kleure en dra verder by tot ritmiese patroon in die herhaling daarvan. By die sentrale area van die bors, gaan die kabels die liggaam binne, beduidend van lewe by die hart se area, en gee effense aanduiding van borste. Die blou koppelskakel verteenwoordig die naeltjie area. In hierdie selfportret van Kasey McMahon, skep sy 'n energieke stemming in die lewendige liniere benadering en verrassende media.

- Aanwending van kunselemente en beginsels
- Die styl van lynaanwending
- Betekenis en stemming

Die leerder moet EEN kunswerk kies van die twee van FIGUR 5c en 5d en dit bespreek in 'n opstel van ongeveer ¼ bladsy oor die volgende:

5.2

- In FIGUR 4c, is die telefoonraad sterk genoeg om te verseker dat die mandjies funksioneel is. Al die kleure is helder en skerp in moderne en lewendige effek. Die kontras van koel en warm kleure, soos rooi teenoor blou, skerp visuele impak. In elke mandjie-ontwerp wissel patrone af, soos die kleinste een in die middel links, waar suiwel rooi en suiwel blou afgewissel word deur 'n kombinasie van ligblou en pienk. Die swart lyn skei die individuele kleure netjies en verhoog die impak. In hierdie items is kleur ongetwyfeld die treffendste aangewend en skerp aaneenlopende beweging, wat die kykers se oë na die middelpunt aantrek en dadelik weer uitwaarts, met die slim ontwerp wat in-en-uit spiraal.

- 4.3 In 'n opstel van minstens een bladsy, moet die leerder werke bespreek van enige TWEE vlyt-kunstenaars wat hysy bestudeer het, met duidelike verwysing na die volgende:
- Name van kunstenaars
 - Tipe werke
 - Materiale en tegniese, tradisioneel of kontemporêre
 - Funksie
 - Dekoratiwe waarde ten opsigte van kunsbeginsels

Ken punte toe vir elk van die twee werke vanaf 5 + 5

[20]

VRAAG 5

MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

Die kontemporêre gebruik van multimedia daag die passiewe verhouding tussen kuns en kyker uit, met uitnodiging vir intelligente reaksie.

- 5.1 Die leerder moet in 'n halwe bladsy verduidelik hoe Besten alternatiewe materiale EN tegniese gebruik met oorweging teenoor die in FIGUR 5a. Die leerder moet bepaal hoe 'n vars verhouding tussen kuns en die kyker geskep is in FIGUR 5b.

Die groepbeeld van Mukore is in konvensionele hardhout gedoen, in die besonderere benadering van tradisionele beeldhouers, met die bevryding vanat die binnekant van die materiaal van dit wat die beeldhouer voel, deur weg te keert wat nie deel is van sy visie nie. In FIGUR 5b het Besten 'n lewensgroot Saksotoonspeler geskep, deur stukke afvalmetaal versigtig vas te sweis om die onderskeie gedeeltes van die liggaam te vorm, tot goeie verhouding en balans. Ten spyte van die harde en nie-organiese materiaal, is selfs die knieë, tone en gesig oortuigend. Selfs die buitende wange stel die aksie van inspanning voor soos die musikant die instrumentale klanke voortbring. Hierdie oortuigende masjien-agtige wese in 'n Post-moderne benadering, kan die kyker verstom. Die kleur van die saksotoon in 'n ligter silwer, dra by tot die impak, met kontras en komplementering tot die kleur van die lyf, met 'n tikkie brons skynsel in die silwer daarvan.

(4)

VRAAG 4

KUNS, VLYT EN SPIRITUELE WERKE HOOFSAAKLIK VAN LANDELIKE SUID-AFRIKA

4.1 In minstens n halwe bladsy moet die leerder die moonlike interpretasies van die werk van die kunstenaar van FIGUR 4a omskryf. Met verwysing na kunselfemente en ikonografie, moet verduidelik word hoe hy sy sienings oor die spirituele wêreld van die Yoruba-stam oorgedra het.

Die oorveueling van vier figure toon waarskynlik die gelyke respek vir vooraderlike geestelike leers. Met hul individuele gesigte, word hul onderskeie rolle waarskynlik getoon. Die hooffiguur het die grootste gesig en aan sy n vertikale patroon van elf hande, dalk geslagsbetekenis, veral daar hul naby sy hoof kurt, reikend tot in die sonstraalpatroon om sy kop, wat as simbool van godheid bestaan in vele kulture. Die hooftoosel is n simbool van koninklikheid en slegs by die hooffiguur aanwesig. In die bors-area van die hooffiguur is twee identiese gesigte genesiel, verskillend slegs in grootte. Dit mag dui op spirituele koninklike erreg in vasgestelde orde, moontlik van ouderdom, soos die prioriteit van n eersgeborene bo n jonger broer. Die geometriese vorms en patrone, selfs in die maskervorms van die gesigte, is bekend vir betekenis aan alle booring stamme. Die houtskoopkleur en ander aardse tone word deur slegs pienk gekontrasteer in een van die figure. Dit dui nie noodwendig op geslag soos in die tradisionele westerse wêreld nie, maar kan moontlik op inlywingsrituele en beskerming dui. Die ekspressionisme is n tipiese emosionele benadering van swart kunstenaars.

(6)

4.2 In n kort opstel van n ¼ bladsy, moet die leerder nadenke toon oor die materiale gebruik in die items van FIGUR 4b en 4c, met verwysing na die volgende:

- *Vlyt-tegnieke aangewend in die skepping van die werke*
- *Funksionaliteit en artistieke waarde*
- *Kunsbeginsels mees effektiel aangewend*

In FIGUR 4b, is elk van die gedeeltes van die halsnoer bykomstigheid per hand saamgevoeg, asof gewee tot vierkagtige vorms, met kontrasterende lye wat strek van hoek tot kant, oorkruis in die middel, waardeur die draad strek. Aan die draad is daar met tussenposes krale, wat die vorms aan mekaar hou, terwyl dit in kleurgroepe gerangskik is, en geleidelik kleiner word na die twee punte waar die funksionele heg-knip sal kom. Elk van hierdie individuele afdelings is ook gedraai in teenoorgestelde rigtings, wat n baie aangename en ritmiese patroon skep. Die krale sal ongetwyfeld swaar wees en daarom is draad vir die skepping gebruik, wat n goeie keuse is vir sterkte. Die ritme is hier die treffendste in die kunstige ontwerp met herhaling van sterk vorms, lye en kleure.

(6)

VRAAG 3

SOSIO-POLITIEKE KUNS – INSULTEND WEERSTANDSKUNS VAN DIE 70's EN 80's

Politiek veroorsaak dikwels op een of ander wyse sikkusse van lyding vir spesifieke groepe van n gemeenskap. Kunstenaars is soms vindingryk in hul benadering om die aard van politieke kwessies, of sommige geïdealisierde oplossings subtiel voor te stel.

3.1 In n paragraaf van minstens n halwe bladsy, moet die leerder die klasse-verskil herroep wat gelei het tot die Mexikaanse revolusie en hoe Rivera geslaag het in sy voorgenome boodskap soos gesien in FIGUR 3a.

Die baie kurwes van geboë slawe in die agtergrond en die groter maaiers in die voorgrond, skep patroon van aktiwiteit en die vermoënis van die werkende man word beklemtoon deur die sweep en geweer van die ruitewag. Die afwaartse lyne van die gesigsuitdrukking van die wag, is baie duidelik, terwyl die werkende mans se gesigte nie getoon word nie, aanduidend van die feit dat hul geen vryheid van keuse of wil toegelaat is nie. In al die onderskeie aktiwiteite uitigveer deur die werkende slawe, toon die kunstenaar die waardevolle en uitputtende bydrae van die Mexikane tot die opbou van hul land, terwyl op die huidige stadium, tot die voordeel van die dominerende kolonialisierders. Selfs in die verre agtergrond aan beide kante, blyk daar geen einde te wees aan slawerny en geen ontvlugting nie.

(5)

3.2 Die idee van skeuring, soos deur Sebidi weergegee in die werk van FIGUR 3b, moet in n kort paragraaf van ongeveer n halwe bladsy beskryf en bespreek word. Insig in haar boodskap moet getoon word deur die beskrywing van haar komplimentêre tegnieke.

Met collage as tegniek, gee Sebidi die gesigte weer asof geskeurd. Onder andere toon dit verskeurdheid tussen verskillende kulture, soos te sien aan die verskillende velkleure van verenigde figure. Die moeilikheid van vashou aan booring tradisies, kan gesien word in die hang aan die instrument. Die gesig van die rooikop mag oneensgesindheid of skok voorstel. Die verlies aan tradisies in n verwersterde wêreld, is soos om n musikinstrument te hê, maar geen lied om te sing. Die instrument word nie bespeel nie, maar aangehang soos n baba wat iets te swaar probeer optel en die figuur verteenwoordig n groot verwarde baba wat doek dra en rondtrap met ander verwarde figure op die mat-agtige sirkelvoer.

(6)

3.3 In twee individuele paragrawe van n halwe bladsy elk, moet die leerder TWEE kunswerke evalueer wat bestudeer is, waar op intelligente wyse die volgende weergegee word:

- Name van kunstenaar en werk in elke paragraaf
- Beskrywing van komposisie
- Die belangrikheid van kunsbeginsels toegepas
- Analise verduidelikend van kwessies deur die kunstenaar aangespreek
- n Evaluasie van die sukses van die kunstenaar se benadering

(9)

[20]

FIGUR 2d: Battiss het rotskuns gedokumenteer en so 'n bewonderaar
 geword van die primêre kultuureffenis van die ouderwetse kultuureffenis van
 die San-kultuur in Suid-Afrika, met hul godsdiensige oortuigings uitgebeld
 in die simboliese vereenvoudiging van hul wêreld. Die kalligrafiese vorms,
 diere en organiese fatsone, gee 'n bonatuurlike atmosfeer weer, wat in
 hierdie werk van hom, 'n moderne vertolking is van rotskuns. Sy benadering
 het 'n konsep van oorspronklike Suid-Afrikaanse identiteit tot gevolg gehad,
 met die uitsluiting van drie-dimensionele agtergrond. Die oorvleuelende plat
 kleurlakke is 'n ander interpretasie van palimpse (sgraffito-tegniek). Die
 verlengde, verwronge silhouette-figure is pikto-grawe wat abstrakte
 simboliese karakters weergee, herkenbaar as rotskuns-geïnspireerde,
 kleurvolle feestelike vereenvoudiging van ontwerp.

Ken punte toe vir elk van die twee werke vanaf 5 + 5, waarvan slegs een
 mag wees uit FIGURE 2c en 2d.

[20]
 (8)

In FIGUR 2c, wat 'n werk is uit 'n reeks genaamd "Mapogga Axis Mundi", vertoon Preller poëtiese vertolking van Ndebele-lewe en kultuur. Die ritmiese herhaling van gestileerde vorms en fassone van wolke, mure en hewels, skep 'n onkonvensionele kunsvorm vir sy tyd. Die kombinasie van persoonlike gekose simboliese beelde soos die blou hoenderagtige dier, miniatuur-tonele binne die vreemde wit kegel en die geometriese geredekapsobjek afgesny op die voorste linkerrand, skep baie denkbare vertelling as lighartige boodskap. Die ryk juweelagtige kleure is so aantreklik soos die tradisionele muurskildering in geometriese patrone gevind op die mure van die Ndebele-wonings. Die Mapogga-iggam is gestileerd en die postuur van die iggam is 'n ikoniese simbool as matriarg van die Ndebele-stam. Die afgesonderde figure reg, kan verwys na mans afgesonder vir inisiasie, siende dat die wit komborsagtige vorm ook kan verwys na die ritueel. Verpersoonlikte simboolbeelde is kleurvol dekoratief.

- Name van kunstenaars en hul werke
- Kulturele invloed sigbaar
- Tegnieke en style
- Boodskappe oorgedra

Die volgende moet ingesluit word:

gebruik word nie.

geanaliseer word. Geen ander werke op hierdie vraestel mag in hierdie vraag 2d mag wees. In 'n opstel van minstens een bladsy, moet beide werke kunstenaars wat kulturele invloed weergae, waarvan EN van FIGUR 2c of 2d

2.3

Lyn in 'n verskeidenheid van kurwes, skep afwaartse beweging as 'n swiepende akrobatese aksie in die rigting van die lomp, swaar figuur met sy byna vormlose kop effe opgelig van die vloer, wat 'n klein bietjie ruimte daaronder toelaat, asof iets begin gebeur. Die kontras tussen die donker en swaar iggam teenoor die ligte gelelike aardse kleur van die swiepende iggam, versterk die boodskap van kontras in Afrika tussen Westerse en inheemse mense, die verskeidenheid nasies in die skepping en die swaar stemming in die houliggama herinner aan Afrika-beelde, hoewel hier verrissend aangebied, nie as soliede geometriese vlytwerk nie. Die tema herinner aan Bybelse openbaring rakende God se skepping van die mens uit die stof van die aarde. Die figuur is nie die tradisionele slank manlike Adam nie, maar 'n monsteragtige, sinistere, statiese kreatuur, aangeraak deur 'n meer vrouagtige skepper, wie se bene verenig is in die vorm van 'n visstert. Dit skep abstrakte konsepte oor manlik en vroulik en 'n stemming van orde versus chaos.

(6)

VRAAG 2

SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVOLOED DEUR AFRIKA EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

Materiale en tegniese in visuele kunste gebruik, kan so wees:

- Konstante herinneringe aan oorsprong
- Reflektief van worteis van invloed
- Rigting-gewende aanduiders

2.1 Na die bestudering van die visuele illustrasies in FIGUR 2a en 2b, moet die leerder in 'n paragraaf van ongeveer 'n halwe bladsy verduidelik hoe die kunstenaar van FIGUR 2b daarin geslaag het om die wese van Afrika vas te vang ten opsigte van die aanhaling hierbo, met verwysing na:

- Komposisie/struktuur
- Konstruksie
- Ander identifiserende kenmerke

In KwaZulu-Natal het die inheemse mense intiem met die natuur saamgeleef vir geslacte en hul vlyte soos wewing van matte en maak van skuillings, het vir Botha tydens 'n besoek aan die Drakensberg gebied beïnvloed. Sy opleiding in elektriese ingenieurswese, asook sy onderverinding in die waarneming van sy ooms se meganiese werk, het ondersteuning verleen aan sy persoonlike belangstelling in metafore, wat hy letterlik kon uitbeeld deur die kombinering van vreemde materiale in sy beeldhouwerke. Die invloedsworteis kan waargeneem word in sy werk waar die natuurlike materiaal van dekgras delikaat gekonstrueer is in 'n baie vroulike liggaam, aan 'n liggewig metaalstruktuur, in 'n akrobatisese, oenskynlik gewiglose afwaartse swiepbeweging, na die swaarder en donker aardsgebonde figuur uit houtstukkewat saamgeskroef is, asof skeppingswerk vanuit die hemel plaasvind. Kontraste en eienaardighede wakker denke aan in verband met skepping. Botha het 'n punt van skakeling geskep tussen worteis van Afrika en die Weste, op 'n verrassende wyse, wat rigtinggewend is vir nuwe benaderings in beeldhou, weg van Westerse tradisie rakende materiale, tegnieke en benadering.

(6)

2.2 Die leerder moet in 'n kort opstel van ongeveer 'n halwe bladsy verwys na FIGUR 2b en bespreek hoe Andries Botha die volgende toegepas het:

- Formele kunselemente
- Tema van boodskap
- Stemming soos verwant aan Afrika

[20]
(10)

Ken punte toe vir elk van die twee werke vanaf 5 + 5, waarvan slegs een van FIGUR 1c en 1d mag wees.

Die werk van FIGUR 1d toon invloed van Kubisme in die hoëgte ontwerp-agtige rangskikking van fatsone en vorms binne die formaat. Die eksperimentele gebruik van nie-verteenwoordigende kleur kan van sowel Fauvisme as Duitse Ekspressionisme afkomstig wees. Die groot figuur in die voorgrond met baie groot bagasie op die kop, is goed gebalanseerd deur subtiele skerfagtige vorms in die intense oranje lug. Die sosiale boodskap oor lewens toestande van Kleurlinge van die Kaapstad-omgewing gedurende die era van Apartheid, is nie blatant weergegee nie, maar as 'n verhalende dokumentering. Die vereenvoudiging en stilering van menslike figure, versterk die atmosfeer van die eenvoud van die landskap. Die kyker word suksesvol oortuig van die uitputting van die lang staptog huis toe in die hitte van die sandrige omgewing.

Die onderwerpmateriaal van Motswai is meesal die stedelike wêreld wat hierdie doofstom-man omring, waar die besige aktiviteit van die lewe se belangrike insidente en momente weergegee word, asook jaende motors en treine, waardeur hy opgewekte lewensinsidente oordra wat hy met fyn besonderhede noteer. In hierdie werk van "Matriekuitstae", gee hy goedhartige interaksie tussen mense weer wat humor insluit. Terwyl die komplekse veelkleurige deklare gemanipuleer word is, die kwaliteit byna edelsteengtig, wat opgewekte aspekte van sy wêreld onderstaan. Al die mense beknop saamgevoeg in die komposisie, is kenmerkend van elkeen se poging om sy of haar eie naam te vind in die nuusblad. Die effe distorsies is plesierig ekspressionisties in styl, net genoegsaam om aangename emosies te onderstaan. Hierdie styl is suksesvol in die weergawe van 'n gedeeltelike fees, 'n opwindende reis of 'n aangename gebeurtenis.

Indien FIGUR 1c gekies word, moet sosiale kommentaar genoem word. Analise behoort dan ongeveer soos volg te wees:

Die analise van die kommentaar deur die kunstenaars gelewer, is belangrik, dus ook die leerling se bewys van die sukses behaal deur elke kunstenaar.

- Name van kunstenaars en werke
- Inspirasie en invloed op hul werk
- Spesifieke onderwerpmateriaal
- Komposisie, tegniek en styl
- Evaluering van sukses van die werk as kommentaar

VRAAG 1

DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

1.1 Die leerder moet in twee afsonderlike paragrawe van ongeveer ¾ bladsy kommentaar lewer oor hoe die kunstenaars te werk gegaan het om alledaagse lewe oortuigend simpatek te dokumenteer in die werke van FIGURE 1a en 1b, met verwysing na die volgende:

- Komposisie
- Aanwending van kunselemente
- Tegniek
- Opvallende invloede op die styl
- Lewensstyl-atmosfeer

In FIGUR 1a is die twee donkies en die mense sentraal geplaas in die komposisie, gebaai in die sagte pienk tone van die vroegoggendlig en skop so 'n sensitiwiteit wat die gewaardeerde melkman komplimenteer waar hy in die vroeë oggendkoue buite is, met sy hoed en die kraag van sy baadjie wat hom toevou in hierdie impressionistiese werk. Die vroue se kopdoeke en die eenvoudige huisies, smelt goed saam met die boerderylandskap agter die nedersetting, gekoppeld aan die wortsels van die Afrika-lewensstyl. Die gebroke rande waar lig die pastelkleure binnedring, is tipierend van atmosferiese Westerse impressionisme, wat Sekoto weergegee het byna asof met tegniese bekend in waterverf en hy slaag deeglik daarin om 'n moment in tyd vas te vang met die vroue in hul eenvoudige Westerse kiere, wyl hul skrams agtertoe kyk, asof hul die kyker opmerk.

In FIGUR 1b gee Clarke die verval van die verweerde wit-gekalikte geboue weer in aardse tone, met die ontspanne verspedelike mense buite in die voorgrond, kontrasterend in hul gekurftde vorme teenoor die geometriese vorms van die geboue in die agtergrond. Die werk is uitgeoer in 'n kombinasie van impressionisme en ligte Ekspressionisme. Die aanduiding van Ekspressionisme is duidelik in die strak kleure en die breë kwashale in die lug en voorgrond. Hierdie atmosferiese werk vang ook 'n vlietende moment vas in die donker kontoerlyne tussen sommige rande, wat die invloed van Kaapse impressionisme weergee. Die geboue wat links en regs aan die buitekant van die skilderdoek voortgaan, suggereer 'n aaneenlopende straat in die voorgrond waar die kyker veronderstel is om te wees. Die mense word as ontspanne en aards voorgestel, eie aan hul inheemse wortsels.

(10)

1.2

Die leerder moet TWEE opkomende Swart kunstenaars kies, wat sosiale, ekonomiese of ander kommentaar lewer in hul kunswerke en in 1 – 1½ bladsye EEN werk van elk bespreek wat hy/sy bestudeer het. EEN van die voorbeelde van FIGUR 1c en 1d mag gebruik word, maar NIE enige ander werke wat in hierdie vraestel voorkom NIE. Die volgende moet ingesluit word:

RIGLYNE:

Daar word van die KANDIDAAT verwag om die volgende te demonstreer:

- Enige VYF vrae te beantwoord vir 'n totaal van 100 punte.
- Vrae en onderafdelings duidelik en korrek te **nommer**.
- Inligting reeds in een vraag bespreek, **nie te herhaal nie**. Indien herhaal, sal punte slegs die eerste maal toegeken word. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.
- Dat antwoorde in **voisine en paragrawe** sal wees, volgens die instruksies vir elke vraag. KOLOM-INLIGTING SAL SLEGS MINIMALE PUNTE VERDIEN.
- Die gebruik van korrekte **kuns-terminologie**.
- Die gebruik en implementering van **visuele analise en kritiese denke**.
- **Skryf- en navorsingsvaardighede** binne 'n **historiese en kulturele konteks**.
- Plasing van spesifieke voorbeelde binne 'n **kulturele, sosiale en historiese konteks**.
- **Insig** rakende kenmerke/besondere kreatiewe styl.
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars.

Daar word van die NASIENER verwag om die volgende te demonstreer:

- Aanvaarding van bewese beredenering binne die konteks van die vraag.
- Om inligting reeds verskat boaan sommige vrae, in gedagte te hou.
- Om na te sien volgens die riglyne hierbo, wat aan die kandidate verskat is.
- Om te herken dat hierdie memorandum dien beide as 'n riglyne vir nasieners sowel as onderrigwerktyg. Om die rede is die inligting vir sommige antwoorde in meer diepte en inligting rakende ander antwoorde mag blote aanbevole riglyne wees.
- Om leerders eerder te beloon vir wat hulle weet, as om hul in diskrediet te plaas vir wat hulle nie weet nie.
- Om na die Visuele Kunste SAG-dokumentaamwerk (bl. 24) te verwys, as riglyn om vlakke van prestasie te assesseer.

Hierdie memorandum bestaan of 14 bladsye.

PUNTE: 100

**VISUELE KUNSTE V1
MEMORANDUM**

SEPTEMBER 2014

GRAAD 12

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

